# DIE ROL VAN KOLONIALISME IN HISTORIESE ONTWIKKELING

P. de Klerk

Departement Geskiedenis, Vaaldriehoekkampus, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom, 2520

## ABSTRACT

### HISTORICAL DEVELOPMENT AND THE ROLE OF COLONIALISM

The article deals with some problems regarding the work of those historians who try to evaluate the effects of modern Western colonialism on the colonized territories of Asia and Africa. It is argued that the political, economical, social, cultural and religious consequences have all to be taken into account and that, depending on the historian's philosophical or ideological viewpoint, certain consequences will be considered more important than others. Some aspects of a Christian view of history, involving colonialism as a historical phenomenon, are discussed. It is pointed out that the development of societies has always been thoroughly influenced by cultural interchange which has taken place among different societies. Colonialism has always been an important factor in the process by which societies have influenced one another, providing an essential part of the process of historical development.

Westerse imperialisme het sy hoogtepunt in die jare rondom 1900 bereik toe feitlik die hele Afrika, die grootste deel van Asië en die eilande in die Stille Oseaan onder beheer van Westerse moondhede gebring is. In Wes-Europa het politieke, ekonomiese en intellektuele leiers die uitbreiding van Westerse koloniale gesag oor die volke van Afrika en Asië as 'n weldaad teenoor hulle en in belang van die vooruitgang van die hele mensheid gesien. Lord Rosebery, Britse premier in die jare 1894-96, het die Britse Ryk selfs as "the greatest secular agency for good known to the world" bestempel (aangehaal in Terreblanche, 1980:119, vergelyk ook Gollwitzer, 1969:165-166).

'n Driekwart eeu later, teen 1975, was daar van die Westerse koloniale ryke byna niks meer oor nie, en saam met die koloniale ryke het ook die geloof dat Westerse kolonialisme 'n weldaad aan die mensheid was in Wes-Europa verdwyn.

'n Teenoorgestelde siening het nou na vore gekom, nie net onder nasionalistiese leiers in Afrika en Asië wat die stryd teenoor koloniale beheer gevoer het nie, maar ook in intellektuele en godsdienstige kringe in die vroeëre koloniale moondhede self. Historici en ekonome het probeer aantoon dat die Weste Afrika en Asië gedurende die koloniale periode vir eie gewin uitgebuit het en nie vooruitgang vir daardie lande gebring het nie, maar eerder materiële agteruitgang. Die meeste skrywers van hierdie denkrigting, wat boeke gelewer het met titels soos **Die plundering van die Derde Wêreld** (Jalée, 1968) en **How Europe underdeveloped Africa** (Rodney, 1972), het 'n Marxistiese uitgangspunt gemeen en sien, in navolging van Lenin se werk van 1916, **Imperialisme as die hoogste vorm van kapitalisme** (Lenin, 1947, vertaalde uitgawe), Westerse imperialisme as 'n fase van die kapitalisme en die kapitalisme self as 'n ekonomiese stelsel wat onder meer lei tot die uitbuiting van mense deur groot ondernemers. Sommige wetenskaplikes van hierdie rigting probeer verder aantoon dat Westerse ekonomiese uitbuiting van die Derde Wêreld nie met dekolonisasie opgehou het nie, maar ná onafhanklikheid voortgaan; politieke kolonialisme is net met ekonomiese kolonialisme (of neo-kolonialisme) vervang. Hoewel hierdie denkrigting vandag nog invloedryk is, word dit geensins algemeen aanvaar nie, en is daar ook belangrike werke gelewer waarin gepoog word om argumente van Marxistiese skrywers te weerle en aan te toon dat daar belangrike ekonomiese ontwikkeling in Afrika en Asië onder koloniale beheer plaasgevind het (onder meer Fieldhouse, 1981, 1986; oor die verskillende ekonomiese teorieë oor imperialisme kyk: Mommsen, 1980; Terreblance, 1980; Baumgart, 1982).

Soos wat daar vandag diegene is wat die negatiewe beoordeling van Westerse imperialisme bevraagteken, was daar ook tydens die bloeityd van imperialisme skrywers wat kritiek op Westerse koloniale beleid gelewer het. Bekend is veral J.A. Hobson wat as gevolg van Brittanje se optrede in die Anglo-Boereoorlog 'n kritiese studie van Westerse imperialisme gemaak het (Hobson, 1902) en wat 'n invloed op Lenin se beskouing gehad het (Mommsen, 1980:17). Tog, te midde van afwykende standpunte, was die heersende beskouing van kolonialisme onder Wes-Europeërs in die eerste dekades van hierdie eeu sterk positief gekleur, terwyl hulle vandag die optrede van hul voorouers as koloniseerders in Afrika en Asië meesal baie meer negatief waardeer.

Moet kolonialisme as 'n positiewe of 'n negatiewe verskynsel gesien word? Het dit vooruitgang of juis agteruitgang in gekoloniseerde lande gebring? Hoe moet die rol van kolonialisme, en van moderne Westerse kolonialisme in besonder, in die geskiedenis van die mensheid beoordeel word? In hierdie artikel word gepoog om 'n antwoord op hierdie vrae te gee. Dit is nie my bedoeling om die argumente van ekonomiese historici in die uitgerekte debat oor Westerse imperialisme te ontleed nie, maar om die probleem in 'n wyer perspektief te probeer plaas deur nader te let op die verskynsel van kolonialisme in die algemeen en op die rol wat dit binne die proses van historiese ontwikkeling speel. In twee vorige artikels (De Klerk, 1988a en 1988b) het ek reeds bepaalde aspekte van kolonialisme as algemene verskynsels probeer belig. Daar is onder meer aangedui dat verskillende vorme van kolonialisme vanaf die vroegste tye tot vandag toe voorkom en dat die moderne Westerse koloniale ryke wel uniek was wat hul groot omvang betref, maar dat koloniale ryke, naas, onder meer, handelsryke, setlaarskolonies en kolonialisme binne die grense van 'n staat (interne kolonialisme), reeds vanaf die Oudheid voorgekom het. Verder is gepoog om aan te toon dat, hoewel elke geval van kolonialisme sy eie unieke eienskappe het, daar ook algemene kenmerke is wat by alle gevalle van kolonialisme in die geskiedenis aanwesig is en dat kolonialisme as 'n historiese proses gesien kan word wat in bepaalde fases verloop; daar kan onder meer die fase van aanloop, van die vestiging van die koloniale stelsel, van veranderingsprosesse binne die koloniale struktuur en uiteindelik van die opheffing of verdwyning van die koloniale stelsel onderskei word.

Om die rol van kolonialisme in die geskiedenis duideliker te bepaal, word in hierdie artikel nader gelet op die probleem van vooruitgang in die geskiedenis en op die aard van historiese ontwikkeling. Wanneer vraagstukke van hierdie aard ter sprake kom, speel geskiedbeskouinge en lewensbeskoulike uitgangspunte 'n belangrike rol. Uit die inleidende opmerkings het reeds geblyk dat die huidige kritiese waardering van Westerse imperialisme verweef is met bepaalde denkrigtinge en ideologieë. Ook in hierdie artikel sal die onderhawige problematiek nie bespreek kan word sonder om bepaalde lewensbeskoulike standpunte in te neem nie, en sal veral gepoog word om uit 'n Christelike oogpunt na kolonialisme as historiese verskynsel te kyk. Die antwoorde wat ek op die bogenoemde vrae sal probeer gee, sal dus nie in alle wetenskaplike kringe aanvaarbaar wees nie. Ek hoop tog dat hierdie artikel mag help, nie alleen om groter helderheid ten opsigte van bepaalde vraagstukke

van 'n Christelike geskiedbeskouing en geskiedbeskrywing te bring nie, maar ook om meer lig op die rol van kolonialisme in die geskiedenis te werp.

## KOLONIALISME EN VOORUITGANG

Om te bepaal of kolonialisme in 'n bepaalde gebied tot vooruitgang gelei het of nie, is dit nodig om 'n duidelike begrip te hê van wat vooruitgang behels. In die agtiende en negentiende eeue het die beskouing dat daar in die Westerse kultuur 'n lyn van vooruitgang, van styging na 'n steeds hoër peil, waargeneem kan word, 'n belangrike rol in die Europese denke gespeel. Dit is veral in die agtiende eeu dat die vooruitgangsidee vir die eerste keer sterk na vore gekom het. Die Europeërs van dié tyd het daarvan bewus geword dat hul wetenskaplike en kunsprestasies dié van die Klassieke Tyd oortref het, en filosowe het geredeneer dat die voortdurende toename in menslike kennis tot steeds verdere vooruitgang moet lei, wat uiteindelik sou moet uitloop op 'n volmaakte maatskappy as eindtoestand. In die negentiende eeu is hierdie beskouing versterk deur die evolusieteorieë van Charles Darwin en sy volgelinge en ook deur die voortdurende toename in wetenskaplike kennis en tegniese uitvindinge. (Vir verdere behandeling van die vooruitgangsidee kyk Van Doren, 1967; Le Riche, 1968; Hogenboom, 1970). Die vooruitgangsgeloof het die tydsgees in die Weste tot in die laat negentiende eeu sterk beïnvloed, en dit is dan ook teen hierdie agtergrond dat die wyd verspreide opvatting dat Westerse gesagsuitbreiding oor Asië en Afrika tot die vooruitgang van hierdie gebiede moet lei, gesien moet word.

In die twintigste eeu het die vooruitgangsidee sy krag begin verloor. Die vernietigende uitwerking van die Eerste Wêreldoorlog het die mense van Europa diep geraak en beskouinge soos dié van Oswald Spengler (1918) dat die Westerse Beskawing sy vervalfase binnegegaan het, het wye aanhang verkry. Die Tweede Wêreldoorlog het die vooruitgangsgeloof verder geskok, hoewel steeds verdere wetenskaplike en tegniese prestasies en toenemende welvaart meegebring het dat die vooruitgangsgeloof geensins verdwyn het nie. Die nadelige newe-effekte van tegniese uitvindinge, soos dat wapens met al groter vernietigingskrag ontwikkel is en die mens daardeur in vrees vir 'n kernoorlog leef, en dat steeds verdere industrialisasie besoedeling van die omgewing meebring, het nou egter na vore begin kom (vergelyk Goudzwaard, 1978:141-195). Sommige denkers, onder meer die sogenaamde Frankfurtse

Skool, het selfs verklaar dat die geloof in die moderne wetenskap en tegniek 'n ideologie geword het wat die Westerse mens gevange hou, en dat die mens die slagoffer van sy eie skeppinge geword het (vergelyk Klapwijk, 1976: onder meer pp.64-67). Daar is nou meer krities na die uitwerking van die Westerse tegniek en ekonomie op Afrika en Asië gekyk en die nadelige gevolge daarvan is duideliker raakgesien.

Teen die agtergrond van hierdie opmerkinge oor die vooruitgangsbeskouing is dit duidelik dat die vraag of 'n tydperk van koloniale beheer vooruitgang vir 'n gebied gebring het of nie, nie losgemaak kan word van lewensbeskoulike uitgangspunte nie. In 'n Christelike kultuurbeskouing kan vooruitgang nie net in terme van tegniese en wetenskaplike ontwikkelinge en ook nie net in terme van materiële welvaart bepaal word nie. Die mens se bestaan het immers veel meer fasette, waaronder sy godsdienstige en sedelike lewe, sy sosiale verhoudinge en sy kunsskeppinge. 'n Beoordeling van die uitwerking van kolonialisme wat slegs op ekonomiese ontwikkeling gerig is, is daarom in 'n Christelike perspektief van beperkte waarde. Selfs al sou dit aanvaar word dat Westerse beheer ekonomiese ontwikkeling en beter materiële omstandighede vir almal in die gekoloniseerde lande meegebring het, moet die vraag gestel word of die voordele opweeg teen moontlike newe-effekte soos verbrokkeling van tradisionele kultuurvorme, sosiale verhoudinge en sedelike norme. Aan die ander kant, as dit aanvaar sou word dat Westerse kolonialisme ekonomiese uitbuiting en verarming in die gekoloniseerde lande gebring het, moet ook gelet word op moontlike positiewe gevolge ten opsigte van byvoorbeeld die gekoloniseerdes se godsdienstige lewe en onderwyspeil.

Dit kan moeilik betwis word dat Westerse kolonialisme sekere positiewe elemente vir die gekoloniseerde lande ingehou het, soos byvoorbeeld beter paaie, kommunikasie en beter mediese dienste, en dat daar aan die ander kant weer negatiewe elemente was soos die ontwrigting van gesinsverhoudinge onder invloed van nywerheidsontwikkeling en verstedeliking. Dit is egter 'n onbegonne taak om 'n balansstaat op te maak ten opsigte van die uitwerking van Westerse kolonialisme op 'n bepaalde land, en vanuit verskillende beskouinge sal aan bepaalde positiewe of negatiewe gevolge 'n groter gewig toegeken word as aan ander. In 'n Christelike beskouing kan 'n sinvolle waardering van Westerse kolonialisme nie net in terme van voor- en agteruitgang

gedoen word nie, maar moet dit in die wyer konteks van die aard van historiese ontwikkeling bekyk word.

## KOLONIALISME EN HISTORIESE ONTWIKKELING

Die begrip **ontwikkeling** word vandag dikwels as byna sinoniem met **vooruitgang** gebruik, en daar word byvoorbeeld verwys na ontwikkelde en onderontwikkelde lande. Die begrip **ontwikkeling** impliseer egter nie noodwendig vooruitgang of verbetering nie; die term (net soos **development** in Engels of **développement** in Frans) se oorspronklike, letterlike betekenis is dat iets wat toegewikkel was, losgewikkel word; dit is dus eerder sinoniem met die woord **ontvouing**. Die begrip hou egter meer in as die term **voortgang**, waarby soms net aan 'n opeenvolging van gebeure gedink word en waarmee nie duidelik tot uitdrukking gebring word dat daar 'n verband is tussen voorafgaande en daaropvolgende gebeurtenisse nie. In die geskiedbeskouinge vanaf die Oudheid tot in die agtiende eeu is die geskiedenis hoofsaaklik slegs as 'n opeenvolging van gebeure gesien; eers in die vroeë negentiende eeu het daar werklik 'n besef gekom van die belangrike rol wat tradisie in die geskiedenis speel, dat geskiedenis verandering in kontinuïteit behels. Die begrip **ontwikkeling**, wat ontleen is aan die biologie, is toe deur historici begin gebruik, en in hierdie periode, wat beheers is deur die tydsgees van die Romantiek en waarin die Duitse nasionalisme sterk na vore begin kom het, is die geskiedenis van 'n volk ook deur filosowe en historici gesien as 'n organiese ontwikkelingsproses wat uit die oerkiem van die volksgees ontstaan (Fueter, 1911:443-444; Van Jaarsveld, 1980:21). Latere historici het die geskiedenis nie meer spesifiek as 'n organiese proses gesien nie, maar tog die rol van tradisie en kontinuïteit in die geskiedenis beklemtoon. Dit is eintlik hierdie besef van die besondere aard van die geskiedenis, van historiese ontwikkeling, wat die vestiging van die geskiedkunde as 'n eie vakwetenskap met sy eie besondere metodes moontlik gemaak het (Fueter, 1911:415-492; vergelyk ook Van Jaarsveld, 1980:319). In 'n gesaghebbende werk oor die metodes van die geskiedkunde het Ernst Bernheim (1914:9) verklaar dat geskiedenis die wetenskap is wat die tyd- en ruimtelikbepaalde feite van die ontwikkeling van die mensheid navors en beskryf.

In die twintigste eeu het daar strominge in die geskiedkunde na vore gekom waarin nie meer sterk klem gelê is op die rol van ontwikkeling in die geskiedenis

nie. Veral in die Franse Annalesskool, wat beïnvloed is deur die strukturalisme in die filosofie, is gestreef na 'n "totale" geskiedenis wat die menslike samelewing in al sy fasette, maar in besonder in sy vaste strukture, moet beskryf. Fernand Braudel, 'n sentrale figuur van die Annalesskool in die jare na die Tweede Wêreldoorlog en 'n historikus met groot invloed onder veral Europese geskiedkundiges, het struktuurgeskiedenis omskryf as die geskiedenis van die langsaam veranderende, byna onbeweeglike milieu van die mens (Van Jaarsveld, 1980:79; Bertels, 1973). In sy beroemde werk oor die gebied rondom die Middellandse See in die sestiende eeu (Braudel, 1966) gaan dit veral om die geografiese agtergrond, om die landskap waarin die mense lewe en hy probeer aantoon dat die leefwyse van die mense ten spyte van politieke, godsdienstige, etniese en ander verskille vir die hele gebied en oor hierdie periode basies dieselfde gebly het. Die Annalesgroep wil die lewe van die gewone mense beskryf, dus geskiedenis "van onder af" skryf, en lê daarmee klem op die sosiale en ekonomiese geskiedenis en op historiese geografie. Hulle kies juis tydperke uit waar daar min veranderinge in die leefwyse van mense plaasgevind het (Van Jaarsveld, 1980:88) en hul beeld van vaste strukture in die geskiedenis wat min verander gaan daarom nie op vir die wêreldgeskiedenis in sy geheel nie. Die mense van die Middellandse Seegebied se leefwyse het in die loop van duisende jare tog ingrypend verander, en is vandag baie anders as in die sestiende eeu, en was in die sestiende eeu ook baie verskillend van twee- of drieduisend jaar vroeër.

Die klem wat daar vandag in die Westerse geskiedkunde gelê word op die geskiedenis van die "gewone man" en op sosiaal-ekonomiese geskiedenis kom ook na vore in die groot invloed wat Marxistiese teorieë tans onder historici het. In Marxistiese werke word meesal wel sterk klem op die dinamiese element in die geskiedenis gelê. Die Marxistiese skrywers huldig 'n materialistiese geskiedbeskouing, waarin die ekonomiese faktore as die basiese oorsake gesien word en waarin vaste wette van historiese ontwikkeling as aannames geld - hoewel laasgenoemde aspek nie by alle Westerse skrywers met 'n Marxistiese uitgangspunt sterk na vore kom nie (vergelyk Iggers, 1985:123-174; Van Jaarsveld, 1980:52-68, 96-97; Kaye, 1984).

Te midde van die verskeidenheid van strominge in die hedendaagse geskiedskrywing bied 'n Christelike beskouing bepaalde riglyne aan historici. Hoewel in 'n Christelike beskouing die leefwyse van die gewone mens ook

belangrik is, word nie hoofsaaklik net na sy materiële omstandighede gekyk nie en sluit dit ook sy godsdiens, taal, kunsvorme, deelname aan politieke organisasies, ensovoorts, in. Sowel die Annalesskool as die Marxistiese rigting vereng die perspektief van die historikus tot bepaalde fasette van die menslike samelewing en kultuur. Terwyl uit 'n Christelike oogpunt aanvaar word dat die geskiedenis nie net om die optrede van enkelinge, van sogenaamde groot figure, gaan nie, kan die invloed van leidende figure in die geskiedenis nie ontken en mag dit nie verwaarloos word nie; hierbenewens is dit 'n kernelement van 'n Christelike beskouing dat die mens vir sy dade verantwoordelik is en nie 'n willose werktuig van groter magte of noodwendige wette van die geskiedenis, soos die Marxistiese beskouing impliseer nie. (Vir 'n verdere bespreking kyk De Klerk, 1981: veral 49-51, 88-96, 152-154.)

In 'n Christelike beskouing staan die element van voortgang in die geskiedenis verder sentraal (kyk onder meer Popma, 1945) en, in aansluiting by aanvaarde opvattings onder historici vanaf die negentiende eeu, beklemtoon die Calvinistiese denker Herman Dooyeweerd ontwikkeling as wesenlik aan die aard van die geskiedenis; hy omskryf die studieterrein van die geskiedkunde as "the cultural process of development of human society" (Dooyeweerd, 1955:196). Dooyeweerd se karakterisering van historiese ontwikkeling as kultuurontwikkeling is belangrik, want as die aard van kultuur van nader bekyk word, kom die besondere wyse waarop historiese ontwikkeling verloop goed na vore. Omdat elke mens in 'n bepaalde kultuuromgewing gebore word, neem hy die kultuurgewoontes, taal godsdiens, ensovoorts, van sy omgewing oor, word hy deel van 'n gemeenskap met 'n besondere kultuur. Deur sy eie aktiwiteite kan hy bydra om bepaalde veranderinge in die kultuur aan te bring, byvoorbeeld deur in sy beroep as argitek, geboue in 'n nuwe styl te ontwerp wat deur die gemeenskap aanvaar word. Die kultuuromgewing waarin sy kind gebore word en opgroei is dan ook nie meer presies dieselfde kultuuromgewing nie. Deurdat daar steeds kultuuroordrag plaasvind, speel tradisie en kontinuïteit altyd 'n belangrike rol in die geskiedenis, maar benewens kultuuroordrag is daar ook altyd kultuurverandering en bly die leefwyse van geen gemeenskap ooit presies dieselfde nie, ook al vind die veranderinge soms baie langsaam plaas, soos onder meer deur die Annales-historici aangetoon is. Ook die leefwyse van sogenaamde primitiewe volke soos die Boesmans het in die loop van die tyd verander, al lyk die veranderinge onbeduidend in vergelyking met die snelle verandering wat die Westerse samelewing sedert die

Industriële Omwenteling ondergaan het. Die beskouing dat die volke van Afrika en dele van Asië eintlik geen geskiedenis het nie, het tot diep in die twintigste eeu onder Westerse historici voorgekom (Wolf, 1982), en eers in die jongste dekades word, veral met behulp van argeologiese navorsing, baie aandag aan die geskiedenis van Afrika gegee.

Die ontwikkeling van 'n bepaalde gemeenskap kan nooit in isolasie bestudeer en verklaar word nie, want die veranderinge wat in die kultuur van die gemeenskap plaasvind, is meesal in belangrike mate die gevolg van invloed van buite, van kontak met ander gemeenskappe en van vreemde kultuurelemente wat deur die gemeenskap oorgeneem word. Feitlik geen gemeenskap, stam of volk het waarskynlik ooit vir 'n baie lang tyd in totale isolasie van ander groepe geleef nie, ook al was kontak in vroeë tye soms maar baie beperk. Dit word vandag algemeen deur wetenskaplikes aanvaar dat vroeë uitvindinge soos van die wiel of van die plant van saad om koring te kweek net op een of enkele plekke in die wêreld plaasgevind het en daarvandaan oor die res van die wêreld versprei het (Harris, 1971:183-191). Die kultuur van elke gemeenskap is daarom vanaf die Oudheid ingrypend deur sy kontak met ander gemeenskappe beïnvloed en gevorm; kontak tussen groepe en kultuurverspreiding vorm 'n kernelement van historiese ontwikkeling as sodanig. Kontak en kultuurverspreiding het in die loop van die geskiedenis op verskillende wyses geskied, onder meer deur handelaars wat van een gemeenskap na 'n ander reis om goedere te ruil, deur emigrasie van lede van een gemeenskap na die gebied van 'n ander groep en ook deur verowering en kolonisasie van een groep mense deur 'n ander. In die loop van die wêreldgeskiedenis is die isolasie van groepe al meer deurbreek, is al meer kennis, tegnieke, godsdiensvorme, ensovoorts, tussen gemeenskappe uitgewissel, het die ooreenkomste tussen die kulture van gemeenskappe binne dieselfde vasteland en later tussen gemeenskappe oral oor die hele wêreld al groter geword, en het alle mense al meer in die totale kultuurbesit van die mensheid begin deel. In die proses van kultuurkontak en kultuurverspreiding het kultuurvorme ook verlore gegaan, soms deur veroweraars wat kulture byna heeltemal vernietig het, soos die Spanjaarde wat in die sestiende eeu die beskawings van die Asteke en Inkas feitlik tot niet gemaak het. Dit is egter nie net kolonisasie en verowering wat gelei het tot die verdwyning van ou kultuurvorme nie; dikwels is ou vorme eintlik vrywillig laat vaar ten gunste van nuwe vorme, en die tradisionele godsdienste van die Grieke en Romeine het geleidelik in verval gekom terwyl ander godsdienste,

en uiteindelik veral die Christendom, veld gewen het. In die kultuurontwikkeling van elke gemeenskap word nie net nuwe elemente by die kultuur gevoeg nie, maar raak ou elemente ook in onbruik en verdwyn soms heeltemal. (Hierdie aspekte van kultuurontwikkeling word uitgebreider bespreek in De Klerk, 1981:21-84.)

Hoewel kolonisasie nie die enigste wyse is waarop kultuurverspreiding kan plaasvind nie, het dit oral in die geskiedenis 'n baie belangrike rol daarin gespeel. Kolonialisme alleen lei tot die langdurige en intensiewe kontak waardeur byvoorbeeld 'n taal of 'n godsdiens oor 'n groot gebied versprei. Die opkoms en verdwyning van Grieks as algemene omgangstaal in lande rondom die oostelike helfte van die Middellandse See is onlosmaaklik verweef met koloniale prosesse in daardie gebied. Ook die opkoms van Engels, wat ontstaan het uit die dialekte van klein Germaanse groepies wat sestienhonderd jaar gelede aan die noordkus van Duitsland gewoon het, as die vernaamste omgangstaal in die wêreld vandag, hang nou saam met die kolonisasie, eers van Engeland, later van Noord-Amerika en daarna van Afrika en Asië. Dit is veral deur verowering en vestiging van koloniale ryke dat die Islam, wat in die vroeë sewende eeu net deur 'n klein groepie Arabiere aanvaar is, vandag naas die Christendom die grootste wêreldgodsdiens is. Ook in die verspreiding van die Christendom, eers in die Romeinse Ryk, later in die res van Europa en uiteindelik oor die hele wêreld, het kolonialisme 'n besondere rol gespeel.

Die Switserse geleerde Herbert Lüthy het in 'n artikel **Colonization and the making of mankind** (1961) kolonisasie bestempel as "the tremendous process by which the world was discovered, opened to man, and settled; the process by which roads, coasts and oceans were made accessible and safe, by which closed continents, forbidden kingdoms and isolated societies were forces open or broken up by new expanding forced, new techniques, new customs, new knowledge, and new forms of social organization" (Lüthy, 1961:485). Kolonisasie is so verweef met die geskiedenis van die mensheid, verklaar hy, dat "if you try to strike colonization from history, you will find that it is not a chapter but the entire book ..." (Lüthy, 1961:494).

Die wêreld waarin ons vandag leef, die verspreiding van godsdienste, tale, politieke en ekonomiese stelsels daarin en die leefwyse van alle mense, is in 'n hoë mate deur koloniale prosesse in verskillende werelddele en in verskillende

tydperke gevorm. Kolonialisme is nie net 'n baie algemene verskynsel in die wereldgeskiedenis nie; dit vorm 'n wesenlike onderdeel van die hele proses van historiese ontwikkeling, soos wat dit hom in die wêreld vanaf die vroegste tye voltrek het, en ons kan ons nie indink hoe 'n wereldgeskiedenis sonder kolonialisme as kardinale bestanddeel daarvan sou verloop het nie.

In die lig van hierdie kort bespreking oor die rol van kolonialisme in die wêreldgeskiedenis blyk dit dat moderne Westerse kolonialisme saam met baie ander vroeëre koloniale prosesse daartoe bygedra het dat isolasie tussen groepe verbreek is, kultuuruitwisseling plaasgevind en die mense van een wêrelddeel in 'n groter mate deel gekry het aan die kultuur wat in 'n ander wêrelddeel ontwikkel is. Dit is waar dat dit hoofsaaklik die inwoners van Afrika en Asië was wat in 'n groter mate deel aan die Westerse kultuur gekry het en dat hul eie kulture verswak en soms tot niet gegaan het. Dit is egter 'n proses wat keer op keer in die geskiedenis plaasgevind het. Die Franse byvoorbeeld, wat 'n groot rol in die Westerse kolonisasie van Afrika gespeel het, se voorouers was hoofsaaklik Kelte wat as gekoloniseerde groepe die kultuur van hul Romeinse oorheersers oorgeneem het, en daar het baie min van die ou Keltiese kultuurvorme in die Franse kultuur oorgebly. Ook in Afrika self was daar talle koloniale prosesse voor die koms van die Westerlinge en is groot dele van Noord- en Wes-Afrika so volledig deur die Arabiere en ander Moslemgroepe gekoloniseer dat daar min van die vroeëre kulture in daardie gebiede oorgebly het. Die Westerse koloniseerders in Afrika en Asië het opgetree soos talle koloniserende groepe voor hulle in die geskiedenis opgetree het en waarskynlik na hulle sal optree. Hoewel historici die besondere optredes van koloniseerders in bepaalde gebiede moet bestudeer en ook krities moet beoordeel, het dit weinig sin om 'n algemene waarde-oordeel oor moderne Westerse kolonialisme te probeer vel. Nie alleen staan ons vandag nog te naby aan die tydperk van imperialisme om dit in perspektief te sien nie, maar ook kan so 'n waarde-oordeel nie losgemaak word van 'n oordeel oor die hele verskynsel van kolonialisme en oor die wyse waarop historiese ontwikkeling plaasvind en die wêreldgeskiedenis verloop nie.

Uit die feit dat kolonialisme 'n wesenlike deel uitmaak van die wyse waarop die ontwikkeling van die mensheid plaasgevind het, kan nie sonder meer afgelei word dat dit daarom 'n "goeie" verskynsel is nie. Ook oorloë en rewolusies, wat dikwels gepaard gegaan het met grootskaalse bloedvergieting, vorm onlosmaaklik deel van die wêreldgeskiedenis. Uit 'n Christelike oogpunt kan

oorlog en bloedvergieting egter nooit goedgekeur word nie. In 'n Christelike geskiedbeskouing kan die geskiedenis nie self tot 'n norm verhef word nie, maar moet historiese gebeure en die optrede van leiers en ook van volke altyd aan Bybelse norme beoordeel word. In die vroeë negentiende eeu het Calvinistiese denkers soos G. Groen van Prinsterer, in aansluiting by heersende beskouinge van daardie tyd, geglo dat instellinge wat in die loop van eeue ontwikkel het onder Goddelike leiding tot stand gekom het en daarom as in ooreenstemming met God se wil gesien moet word (vergelyk Dooyeweerd, 1963:58-60). In so 'n beskouing sou die sestiende-eeuse Kerkhervorming, waarin gebreek is met die Rooms-Katolieke Kerk, soos dit in die loop van eeue ontwikkel het, veroordeel moes word. Hoewel in 'n Christelike beskouing aanvaar word dat die hele geskiedenis onder leiding van God verloop, moet ook aanvaar word dat die mense wat geskiedenis vorm sondige mense bly en die kwaad in die geskiedenis bly deurwerk. (Vir verdere bespreking kyk Popma, 1945; Smit, 1959; Dooyeweerd, 1963.) Daarom is dit nodig om verder te besin oor 'n Christelike standpunt oor die verskynsel van kolonialisme.

## CALVINISTIESE DENKE OOR KOLONIALISME

Kolonialisme as verskynsel het tot dusver nie baie sterk in die denke van leidende Calvinistiese wetenskaplikes gefigureer nie. Verwante sake soos volke- en rasseverhoudinge, die verhouding tussen owerheid en onderdaan, ekonomiese stelsels, en so meer, het wel heelwat aandag ontvang, maar binne die bestek van hierdie artikel kan nie nader op Calvinistiese beskouinge oor hierdie sake ingegaan word nie. Daar word net kortliks gelet op enkele standpunte rakende kolonialisme van belangrike Calvinistiese denkers, veral om aan te toon dat uiteenlopende beskouinge onder hulle voorkom en dat hul sieninge deur die gees van hul tyd en wêreld beïnvloed is.

Die Calvinisme het in die laat negentiende eeu in die staatkundige, maatskaplike en kulturele lewe van Nederland 'n bloeiperiode beleef, juis in die tydvak van imperialisme, toe Nederland as een van die koloniale moondhede deelgeneem het aan die Europese oorheersing van Asië. Die beskouing dat die Westerse beskawing en Westerse kolonialisme bydra tot die vooruitgang van die mensheid kom ook voor by A. Kuyper, die sentrale figuur in die negentiende-eeuse oplewing van die Nederlandse Calvinisme. Kuyper sien in die uitbreiding van die Westerse beskawing oor die wêreld 'n triomf vir die Calvinisme. Hy meen

dat "de hoofdmacht in de centrale ontwikkeling van het menselijk geslacht zich achtereenvolgens, op de rij af, van Babylon en Egypte naar Griekenland en het Romeinse rijk, straks naar het hoofdgebied van 's Pausen heerschappij, en ten slotte naar de Calvinistische volkeren van West-Europa verplaatste". (Kuyper, 1959:26.) In aansluiting hierby verklaar hy: "Er gaat door ons geslacht maar één brede frisse stroom van leven, die van meet af de belofte der toekomst draagt, en die stroom is van Midden-Azië en de Levant uitgegaan en heeft sinds zijn loop steeds van het oosten naar het westen doorgezet, is van West-Europa naar uw Oosterstaten en van daar tot Californië doorgetrokken." (Kuyper, 1959:25). Kuyper, wat hierdie beskouing in 1898, tydens 'n lesingtoer in die VSA, verkondig het, meen dat die volke van Asië en Afrika maar min tot die ontwikkeling van die mensheid bygedra het en verwys na die leefwyse van die inheemse bewoners van Afrika as "een nog veel lager levensvorm" as dié van die mense van Asië (Kuyper, 1959:25). Hy glo dat Nederland as koloniale moondheid 'n opvoedingstaak teenoor die gekoloniseerde volke van Indonesië (toe bekend as Nederlands-Indië) het; hierdie opvoedingstaak is die morele verantwoordelikheid nie net van die Nederlandse regering nie, maar van die hele Nederlandse volk (Zuidema, 1972:9). Hy sien die koloniale stelsel as 'n voogdystelsel waarin die voog die gekoloniseerde groepe nie altyd in die posisie van onmondige kinders mag hou nie, maar moet opvoed om uiteindelik 'n selfstandige posisie te kan bereik (Colijn, 1940:512). Die opvoeding moet kerstening inhou, maar nie noodwendig verwestering nie; eerder ontplooiing van "hun eigen Aziatische geaardheid" (Colijn, 1940:498).

H. Colijn, Kuyper se opvolger as leier van die (Calvinistiese) Anti-Revolutionaire Partij en, soos Kuyper, 'n tyd lank eerste minister van Nederland, het hom in 1934 ten gunste verklaar van die geleidelike ontvoogding van Indonesië en van veranderinge in die koloniale stelsel, insluitende deelname van die Indonesiërs aan die sentrale bestuur van die land (Colijn, 1940:543).

Die dekolonisasie van Indonesië in die jare na die Tweede Wêreldoorlog, wat grotendeels op die Nederlandse regering afgedwing is, het Nederlandse Calviniste in 'n morele dilemma geplaas. Die Calvinistiese filosoof S.U. Zuidema het in 1951 verklaar dat die Nederlandse regering se optrede in die Indonesiese kwessie nie met Christelike norme versoenbaar was nie en dat toegelaat is dat

die kommunisme ten koste van die Christendom in Asië veld wen (Zuidema, 1972:17).

In die werke van latere Nederlandse Calvinistiese denkers blyk 'n skerp kritiese houding teenoor die mag van die moderne wetenskap en tegniek (Van Riessen, 1971; Schuurman, 1984) en ook teenoor die kapitalistiese stelsel (Goudzwaard, 1978). In aansluiting by Neo-Marxistiese denkers sien B. Goudzwaard 'n noue verband tussen die Westerse vooruitgangsgeloof as dominerende motief in die moderne Westerse samelewing en die kapitalisme, en hy meen dat die Westerse imperialisme van die negentiende en twintigste eeue beskou kan word as "een konsekwente poging om de landen van de derde wereld als een verlengstuk van de westerse macht en economie te laten functioneren". (Goudzwaard, 1978:130).

Suid-Afrika was teen 1900 nie, soos Nederland, 'n koloniale moondheid nie, maar 'n gekoloniseerde gebied, 'n deel van die magtige Britse wêreldryk. Terwyl die Nederlandse Calviniste in hierdie tyd koloniseerders was, was die Calviniste in Suid-Afrika, wat hoofsaaklik Afrikaners was, in die posisie van gekoloniseerdes. In die daaropvolgende halfeeu het die Afrikaners egter 'n al groter deel aan die regering van die land verwerf en uiteindelik die politieke alleenmag verkry. Daarmee het hulle self koloniseerders geword, oorheersers van die swart bevolking van Suid-Afrika - en hierdie posisie tot vandag toe grotendeels behou. Die stryd van die Afrikaners om groter mag in hul eie land te verwerf, wat tot na die Tweede Wêreldoorlog voortgeduur het, het waarskynlik daartoe bygedra dat Calvinistiese denkers onder die Afrikaners nie besonder baie aandag aan die probleem van hul verhouding met die swart bevolking gegee het nie; eers ná die Tweede Wêreldoorlog het dit die oorheersende politieke vraagstuk in Suid-Afrika begin word.

Een van die weiniges wat al vanaf die dertigerjare oor prinsipiële aspekte van die "naturellevraagstuk", soos dit toe genoem is, besin het, was die Potchefstroomse staatsfilosoof en regsgeleerde L.J. du Plessis (Potgieter, 1976:220, 258). In 1940 het hy in 'n opstel oor "liberalistiese en Calvinistiese naturellepolitiek" (Du Plessis, 1940) met instemming verwys na die beginselprogram van die Nederlandse Anti-Revolutionaire Partij waarin ontwikkeling van die Indonesiërs volgens hul eie aard as beleid voorgestaan word (kyk Colijn, 1940:498). As Afrikaans-Calvinistiese standpunt stel hy "die geleidelike ontwikkeling van die naturelle-bev[illegible]ing onder blanke heerskappy

en leiding as 'n aparte gemeenskap tot steeds hoër Christelike beskawing op die grondslag van hul eie tradisie en steeds in meerdere mate op eie koste en verantwoordelikheid en dus met selfbestuur op eie terrein - met ander woord Christianisering onder blanke voogdy, segregasie, differensiasie en selfbestuur. Steeds moet daarby egter op die voorgrond gestel word die blanke supremaat en die verpligting van die naturellebevolking tot hulpdiens aan die blanke beskawingsontwikkeling as beste leerskool vir hul eie ontwikkeling, wat nie uitsluit dat die naturelle-bevolking in die verre toekoms so 'n hoogte mag bereik dat hulle toegelaat mag word tot volle vennootskap in die bestuur van Suid-Afrika nie." (Du Plessis, 1940:233). Hy sien selfs verdere uitbreiding oor suidelike Afrika van die Afrikaner, om die Christelike beskawing uit te dra, as 'n Christelike roeping (Du Plessis, 1940:230). "Liberalistiese naturellepolitiek", wat die ontstamming en verwestering van die swartmense ten doel het en wat uitloop op die aanvaarding van opgevoede inboorlinge as medeburgers en op bloedvermenging en die uiteindelike ontstaan van 'n homogene bevolking waarin die verskille tussen gekoloniseerdes en koloniseerders verdwyn, is vir hom prinsipieel onaanvaarbaar, onder meer omdat dit sal lei tot groot getalle ontstamde swartmense wat slegs half verwesters is en 'n gevaar vir die blanke en sy lewensstandaard inhou (Du Plessis, 1940:224-227).

Twintig jaar later spreek hy egter skerp kritiek uit op die beleid van die Nasionale Partyregering onder leiding van dr. H.F. Verwoerd omdat dit aan die swartmense "die vooruitsig op nasionale selfbeskikking ontsê en ons eie oorheersing oor hulle tot in die toekoms in die vorm van blanke baasskap regverdig" (Du Plessis, 1960:23). In hierdie tyd, toe die een Afrikastaat na die ander onafhanklikheid verwerf het, blyk dit, volgens Du Plessis, dat "Christelik-Nasionale voogdy" oor die inheemse volke van Afrika, wat eers wel geregverdig was, nou oorbodig geword het. Hy meen dat die blankes in Suid-Afrika, wat tot dusver nog nie ontvoogding duidelik as einddoel van hul beleid geproklameer het nie, nou moet begin streef na die daarstelling van 'n "multinasionale staat op die grondslag van historiese en etniese verskeidenheid en staatsregtelike en ekonomiese saamhorigheid" (Du Plessis, 1960:100). Hy bepleit ook 'n radikale vernuwing van menslike verhoudinge deur "ons algemene aanvaarding van mekaar as volle mede-burgers van Suid-Afrika op verskeie ontwikkelingstadiums, wat so gou as moontlik in onderlinge samewerking gelyk gemaak moet word". (Du Plessis, 1960:100.) Met hierdie gedagtes was Du

Plessis sy mede-Afrikaners en mede-Calviniste ver vooruit, en sy beskouinge het in dié jare min aanklank gevind. Du Plessis se artikel, wat in die Calvinistiese tydskrif **Koers** verskyn het, is dan ook vergesel van 'n voetnoot van die redaksie dat hulle nie noodwendig saamstem met Du Plessis se siening nie.

In later jare het daar meer kritiese beskouinge uit Calvinistiese oogpunt oor die "apartheidsbeleid", soos die wêreldwyd bekend geword het, verskyn, onder meer in die tydskrif **Woord en daad**, maandblad van die Reformatoriese Beweging van Suider-Afrika, vroeër bekend as die Afrikaanse Calvinistiese Beweging. (Vergelyk onder meer die bydraes van J.H. Coetzee, soos opgeneem in Coetzee, 1986.) Onder Suid-Afrikaanse Calviniste vandag bestaan daar 'n groot verskeidenheid van sieninge oor volkeverhoudinge en kolonialisme in Suid-Afrika, soos onder meer daaruit blyk dat huidige politieke leiers soos A. Boesak en A.P. Treurnicht, albei oorspronklik teoloë met 'n Calvinistiese agtergrond, wyd uiteenlopende standpunte huldig.

## SLOTBESKOUING

Te midde van die groot verskeidenheid beskouinge wat daar oor kolonialisme, soos dit in Suid-Afrika vandag en in die geskiedenis voorkom, onder Calvinistiese denkers heers, word ten slotte gepoog om op grond van die bespreking in hierdie en vorige artikels oor kolonialisme as historiese verskynsel enkele moontlike riglyne vir 'n Christelike perspektief op kolonialisme en sy rol in die geskiedenis aan te dui wat ook antwoorde bied op die vrae wat aan die begin van hierdie artikel gestel is.

Ten eerste blyk dit dat kolonialisme 'n baie algemene verskynsel in die wêreldgeskiedenis is wat 'n essensiële rol in die proses van historiese ontwikkeling vervul. Kolonialisme as "die hele verskynsel van koloniale beheer van een groep oor 'n ander" (Die Klerk, 1988a:121) kan myns insiens dan ook nie sonder meer as 'n vorm van onreg of verdrukking veroordeel word nie. Vanaf die vroegste tye het lede van verskillende etniese groepe deurmekaar in dieselfde gebied gewoon, en 'n politieke, ekonomiese en sosiale stelsel waarin een groep op geen wyse mag oor 'n ander groep kan hê nie is moeilik denkbaar en, sover bekend, nog nêrens gerealiseer nie. Ook in die demokratiese state van die Weste is daar minderheidsgroepe wat op grond van hul klein getal en

gebrekkige bedingingsmag in baie opsigte in 'n posisie van ondergeskiktheid teenoor die dominerende groep verkeer. 'n Suiwer volkstaat het waarskynlik nog nooit bestaan nie (Coetzee, 1986:241) en die ideaal van 'n aparte staat vir elke etniese groep is onuitvoerbaar. Ook state van Wes-Europa, soos Frankryk en Nederland, wat naby aan die ideaal van 'n etnies homogene staat kom, het etniese minderhede. Bowendien was hierdie state nie altyd etnies homogeen nie. In Frankryk het die mense van die noorde sedert die Middeleeue die staat gedomineer en het die Suid-Franse, wie se taal en kultuur oorspronklik baie van dié van die Noord-Franse verskil het, geleidelik met die kultuur van die dominerende groep gekonformeer. In Nederland, waar die inwoners van die provinsie Holland vanaf die sewentiende eeu 'n dominerende rol gespeel het, het 'n soortgelyke proses plaasgevind. Dit is dus juis as gevolg van koloniale prosesse dat die state van Wes-Europa in die loop van eeue 'n etnies homogene karakter verkry het (vergelyk Seton-Watson, 1977; Smith, 1986; McNeill, 1987). Dit is daarom nie vreemd nie dat die state van Oos-Europa, Amerika, Asië en Afrika, wat hoofsaaklik eers vanaf die negentiende eeu hul beslag gekry het, 'n groter mate van etniese verskeidenheid toon. Die posisie van Wes-Europa is eintlik 'n afwyking van die algemene patroon in die state van vandag en dit sou onrealisties wees om so 'n situasie as ideaal te stel.

Terwyl kolonialisme as sodanig dus moeilik op grond van Christelike norme veroordeel kan word, beteken dit nie dat alle vorme en gevalle van koloniale oorheersing aanvaarbaar is nie. 'n Christelike historikus sal elke geval binne sy historiese konteks moet bekyk en die besondere koloniale verhouding wat daar geheers het aan Bybelse norme ten opsigte van onder meer menslike verhoudinge moet beoordeel. 'n Koloniale situasie soos in Gallië (Frankryk) in die vyfde tot negende eeu, waar die Franke, 'n Germaanse stam, die oorheersers was, maar die Latynssprekende gekoloniseerde inwoners oor die algemeen heelwat vryhede geniet het en deelgeneem het aan die bestuur van die land, kan byvoorbeeld nie oor dieselfde kam geskeer word as die koloniale omstandighede gedurende die sestiende eeu in Mexiko, toe Spaanse koloniste volgens die encomienda-stelsel byna absolute beheer oor groot groepe Indiane verkry en hul dikwels feitlik soos slawe behandel het nie. (Vir verdere bespreking van hierdie voorbeelde kyk De Klerk, 1975.)

Dit is verder in 'n vorige artikel (De Klerk, 1988b) aangetoon dat kolonialisme as 'n historiese proses gesien moet word, waartydens, onder meer, die

verhouding tussen koloniseerders en koloniste in die loop van die tyd bepaalde veranderinge ondergaan. 'n Koloniale stelsel en koloniale verhoudinge wat in 'n vroeë stadium as regverdig, met inagneming van byvoorbeeld, verskille in ontwikkelingspeil en kultuur, beskou kan word, voldoen in 'n later stadium moontlik nie meer aan daardie vereistes nie. Wanneer die koloniale stelsel die moontlikheid bevat vir gekoloniseerdes om hul posisie te verbeter en in die gekoloniseerde groep opgeneem te word, waarby die verskille tussen die twee groepe begin vervaag, kan dit meebring dat die oorheersing van een groep oor 'n ander geleidelik uitgefaseer word. Talle koloniale situasies in die geskiedenis het op hierdie wyse ten einde gekom en so 'n stelsel kan nie sonder meer, soos L.J. du Plessis in sy artikel van 1940, as 'n "liberalistiese" koloniale beleid bestempel word nie. In die loop van die geskiedenis het vermenging tussen etniese groepe, en ook die ontstaan van nuwe en die verdwyning van ou groepe voortdurend plaasgevind. Kuyper het hierdie "bloedmenging", soos hy dit noem, selfs as 'n essensiële element in die ontwikkeling van die Westerse Beskawing beskou (Kuyper, 1959:27). Die Afrikaners, Amerikaners en Nederlanders, trouens alle volke ter wêreld, is die produk van vermenging tussen verskillende groepe in die loop van eeue, en dit is moeilik om te sien dat hierdie verskynsel op Christelike gronde veroordeel behoort te word. Die siening van 'n volk as organiese, byna onverganklike geheel, het in die tyd van die Romantiek en veral onder invloed van die Duitse nasionalisme en ook 'n hernude Nederlandse nasionalisme ontstaan, en, hoewel dit in die negentiende eeu invloed op die Calvinistiese denke in Nederland gehad het, is dit geen suiwer Christelike siening nie (kyk Botha, 1982:16). Dit beteken nie dat 'n bepaalde volk of etniese groep nie die reg het om sy eie karakter te wil bewaar nie; die wyse waarop hy dit doen en hoe dit sy verhouding met ander groepe raak, behoort egter in ooreenstemming met Bybelse norme te wees. Die Christelike beskouing, soos deur Kuyper en ander gehuldig, dat koloniseerders die taak het om groepe wat in bepaalde opsigte as minder ontwikkeld beskou kan word, op te hef deur byvoorbeeld onderwys en mediese hulp te verskaf en ook om die Christendom onder hulle uit te dra, impliseer nie noodwendig dat hulle die gekoloniseerdes geheel en al in die kultuur van die koloniseerders moet probeer opneem en bestaande kulture ingrypend moet probeer verander nie, hoewel, aan die ander kant, beskerming van die besondere leefwyse van die gekoloniseerdes hul verdere ontwikkeling en die moontlikheid van hul integrasie met die dominerende groep kan strem.

Soos in my vorige artikel (De Klerk, 1988b) na vore gebring, is dit veral in gevalle waar opname van gekoloniseerdes in die dominerende groep glad nie of net ten dele moontlik is, dat verset van die gekoloniseerdes teen hul onderhorige posisie en nasionalistiese strewes na vore kom. Die koloniseerders kan hierdie strewes in bepaalde kanale probeer stuur, maar deur dit te stuit en hul eie dominerende posisie ten alle koste te behou, sal hul hulself teenoor die gekoloniseerdes net met behulp van al meer verdrukkende maatreëls kan handhaaf. 'n Christelike benadering sou wees om 'n oplossing te probeer vind waarin hierdie nasionalistiese strewe verwesenlik kan word. 'n Situasie waarin geen oorheersing van een groep oor 'n ander hoegenaamd bestaan nie, sal, soos hierby aangedui, waarskynlik nooit bereik kan word nie. Daar kan tog gepoog word om 'n stelsel te vind waarin onderdrukking en verontregting grotendeels uitgeskakel word, en dit kan as die Christelike weg gesien word dat 'n koloniserende groep eerder die moontlikheid aanvaar om self oorheers te kan word as om deur steeds toenemende verdrukking sy mag te probeer behou. Verdere vergelykende studie van koloniale prosesse in die geskiedenis behoort te kan bydra tot die vind van oplossings vir probleme in koloniale situasies, in Suid-Afrika en in ander lande, wat vandag voorkom.

BRONNE

BAUMGART, W. 1982. Imperialism; the idea and reality of British and French colonial expansion, 1880-1914. Oxford : University Press.

BERNHEIM, E. 1914. Lehrbuch der historischen Methode und der Geschichtsphilosophie. Leipzig : Duncker & Humblot.

BERTELS, C.P. 1973. Geschiedenis tussen struktuur en evenement. Een methodologies en wijsgerig onderzoek. Amsterdam : Wetenschappelijke Uitgeverij.

BOTHA, M.E. 1982. Christelik-Nasionaal: outentieke, ideologiese of gesekulariseerde nasionalisme? Potchefstroom : PU vir CHO.

BRAUDEL, F. 1966. La Méditerranée et la monde méditerranee a l' époque de Philippe II. Parys : Colin.

COETZEE, J.H. 1986. Kompas en kontoer; besinning oor kerk, volk, staat en samelewing. Potchefstroom : PU vir CHO.

COLIJN, H. 1940. Saevis tranquillus in undis; toelichting op het anti-revolutionaire beginselprogram. Amsterdam : De Standaard (eerste uitgawe, 1934).

DE KLERK, P. 1975. Blywende kolonisasie? 'n Vergelyking van 'n aantal kolonisasies in die geskiedenis. Potchefstroom : PU vir CHO.

DE KLERK, P. 1981. Geskiedenis as kultuurontwikkeling; aspekte van die teorie en filosofie van geskiedenis. Durban : Butterworth.

DE KLERK, P. 1988a. Vormverandering van kolonialisme in die geskiedenis. **Koers**, 53(1):127-146.

DE KLERK, P. 1988b. Kolonialisme as historiese proses. **Koers**, 53(4):537-567.

DOOYEWEERD, H. 1955. A new critique of theoretical thought, vol. 2. Amsterdam : Paris.

DOOYEWEERD, H. 1963. Vernieuwing en bezinning; om het reformatorisch grondmotief. Zutphen : Van den Brink.

DU PLESSIS, L.J. 1940. Liberalistiese en Calvinistiese naturellepolitiek. (In Federasie van Calvinistiese studenteverenigings in Suid-Afrika, Koers in die krisis, deel 2. Stellenbosch : Pro Ecclesia.)

DU PLESSIS, L.J. 1960. Calvinistiese perspektief. **Koers**, 28(1 en 2):23-26, 98-103.

FIELDHOUSE, D.K. 1981. Colonialism, 1870-1945. Londen : Weidenfeld & Nicolson.

FIELDHOUSE, D.K. 1986. Black Africa 1945-1980; economic decolonization and arrested development. London : Allen & Unwin.

FUETER, E. 1911. Geschichte der neueren Historiographie. München : Oldenbourg.

GOLLWITZER, H. 1969. Europe in the age of imperialism, 1880-1914. Londen : Thames & Hudson.

GOUDZWAARD, B. 1978. Kapitalisme en vooruitgang. Assen : Van Gorcum.

HARRIS, M. 1971. Culture, man and nature; an introduction to general anthropology. New York : Cowell.

HOBSON, J.A. 1902. Imperialism; a study. Londen : Allen & Unwin.

HOOGENBOOM, P. 1970. Heilsverwachting, evolutie en vooruitgang. Groningen : Wolters-Noordhoff.

IGGERS, G.G. 1985. New directions in European historiography. Londen : Methuen.

JALéE, P. 1968. The pillage of the third world. New York : Monthly Review Press (vertaal uit Frans).

KAYE, H.J. 1984. The British Marxist historians. Cambridge : Polity Press.

KLAPWIJK, J. 1976. Dialektiek der Verlichting; een verkenning van het neomarxisme van de Frankfurter Schule. Assen : Van Gorcum.

KUYPER, A. 1959. Het calvinisme; zes Stone-lezingen. Kampen : Kok (derde druk).

LENIN, V.I. 1947. Imperialism, the highest stage of capitalism. Moskou : Foreign Languages Publishing House (vertaal uit Russies).

LE RICHE, H.J. 1968. n Kritiese beskouing van die idee van vooruitgang in die geskiedenis. Pretoria : UP (ongepubliseerde verhandeling).

LÜTHY, H. 1961. Colonization and the making of mankind. Journal of economic history, 21(4):483-495.

McNEILL, W.H. 1987. Polyethnicity and national unity in world history. Toronto : University Press.

MOMMSEN, W.J. 1980. Theories of imperialism. Londen : Weidenfeld & Nicolson (vertaal uit Duits).

POPMA. K.J. 1945. Calvinistische geschiedenisbeschouwing. Franeker : Wever.

POTGIETER, P.J.J.S. 1976. L.J. du Plessis as denker oor staat en politiek. Potchefstroom : PU vir CHO.

RODNEY, W. 1972. How Europe underdeveloped Africa. Londen : Bogle l' Ouverture.

SCHUURMAN, E. 1984. Tussen technische overmacht en menselijke onmacht; verantwoordelijkheid in een technische maatschappij. Kampen : Kok.

SETON-WATSON, H. 1977. Nations and states; an inquiry into the origin of nations and the policies of nationalism. Londen : Methuen.

SMIT, M.C. 1959. Het goddelijk geheim in de geschiedenis. Kampen : Kok.

SMITH, A.D. 1986. The ethnic origin of nations. Londen : Blackwell.

SPENGLER, O. 1918. Der Untergang des Abendlandes. 2 dele. München : Beck'sche.

TERREBLANCE, S.J. 1980. Die wording van die Westerse ekonomie; 'n strukturele analise met toepassing op die Suid-Afrikaanse situasie. Pretoria : Academica.

VAN DOREN, C. 1967. The idea of progress. New York : Praeger.

VAN JAARSVELD, F.A. 1980. Westerse historiografie en geskiedenisfilosofie. Pretoria : HAUM.

VAN RIESSEN, H. 1971. Mondigheid en de machten. Amsterdam : Buijten & Schipperheijn.

WOLF, E. 1982. Europe and the people without history. Berkeley : University of California Press.

ZUIDEMA, S.U. 1972. Communication and confrontation; a philosophical appraisal and critique of modern society and contemporary thought. Assen : Van Gorcum.